**Vrydag 27 Januarie**
**Skrifgedeelte: Johannes 6:30-40**
**Fokusgedeelte: Johannes 6:37-40 (AFR53)**
**Christus verloor niemand wat aan Hom behoort nie**

Net een dag voor ons Here Jesus se woorde in Johannes 6:30-40, het Hy omtrent 5000 mans gevoed met vyf brode en twee vissies. Nou, een dag later, is die skare weer op sy spoor om nog gevoed te word. Wat Christus egter gee, is veel heerliker. Hy openbaar Homself as die brood van die lewe.

Die wonder van Christus as die brood van die lewe is dat elkeen wat na Hom kom en in Hom glo, nooit weer honger of dors sal kry nie (vs 35). Aardse brood moet jy eet en weer eet. Aardse brood is vir ’n oomblik daar en dan is dit op. Met Christus is dit anders. Glo in Hom, en dit is blywend. Eet, en jy word nie weer honger nie; drink, en jy word nie weer dors nie.

Hiervoor het ons hemelse Vader sy Seun gestuur om ons met die hemelse brood te voed. In sy nimmereindigende liefde vir sy Vader voer Christus sy wil volkome uit. Elkeen wat in die geloof na Christus kom, sal Hy nooit uitwerp nie (vs 37). Elkeen wat die Vader aan Hom gegee het, sal Hy nooit verloor nie (vs 38).

Die grond vir die volharding van die gelowiges is te vinde by God se bewaring van die gelowiges. Die werk wat God in ons begin het, sal Hy voleindig. Wie Hy laat eet van die brood van die lewe, sal altyd daardeur gevoed word. Wie eens deel het aan Christus, het altyd deel aan Christus.

Hierdie sekerheid skep vir elke gelowige die troos om in die geloof te volhard. Die grond vir ons volharding lê in Christus se bewaring. Wie bewaar word in Christus, sal volhard deur Christus, en wie volhard deur Christus, sal verheerlik word saam met Christus – want Hy verloor nie één wat die Vader aan Hom gegee het nie.

*Sing: Psalm 107-1:2*

*Ds. MD Meijer (Dirk) (Bloemburg)*